

13 Julie

Skrifgedeelte: Job 23-25
Fokusgedeelte: Job 23:1-17

Waar is God tog?

Job wéét van sy lewende Verlosser (19:25). Dit was 'n geloofsjubel in sy stortvloed vroe. Maar hy weet nie wáár hierdie Verlosser is nie! Hy wil so graag persóónlik sy saak voor Hom stel. Tog bly Job maar nog die opstandige, soekende mens. In geen een van die vier windrigtings vind hy God nie. Dis of die verborgenheid van God verdiep. Wáár is Hy tog? Ken jy en ek nie ook die verskriklike aanvegting van hierdie verborgenheid van die aanwesige God nie? Wanneer God sy aangesig vir ons verberg is dit bitterder as die dood. As Hy sy aangesig weer oor ons laat skyn, is dit soeter as die lewe (Dordtse Leerreëls, 5:13).

Dit bly nogtans die wonder van God se genade dat Hy Job die krag gee om “in hierdie donkerte” (23:17) – en hoe donker was dit nie – te bly roep en soek en tas na Hom wie se verbondsnaam, Jahweh, beteken: “Ek is wat Ek is!” “Ek is dáár vir jou!” Job wens dat God “tye van afrekening” (24) gehad het. Daar sou hy God dan op 'n afgesproke tyd kon vind. Hoe sou Job tog kon weet, wat jy en ek weet... van die afrekening wat op 'n koppie buitekant Jerusalem plaasgevind het. Dáár, in God se verborgenheid, het Hy só gekom dat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie... Aan ons is Christus, God die Seun, só verkondig dat ons Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang (Gal 3:1). Hy wat geen sonde geken het nie het God “sonde vir ons gemaak”, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2 Kor 2 OAV). Die God wat Hom verberg het, is in Christus geopenbaar – juis in sy geheimenis (Kol 2:2; 1 Tim 3:16).

Sing: Psalm 31:13

Dr PP Kruger (Meyerspark)